DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. *Johannes 15:5*

17 Mei 2020

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. CCA Vrey**	**Aand**	**Ds. CCA Vrey**
Sing vooraf	Ps. 50: 1, 4	Sing vooraf	Ps. 50: 7, 11
Sing	Ps. 89: 1, 3	Sing	Sb. 2-2: 1, 3 (34)
	Sb. 9-1: 1, 10, 11 (26)		Ps. 33: 4, 6
	Ps. 118: 1, 4		Sb. 12-2: 1, 2 (27)
	Sb. 17-2: 5 – 8 (18)		
Skriflesing	Rut 2	Skriflesing	Genesis 1:1 – 2:3
Teks	Rut 2:20	Teks	Genesis 1:1
Tema	**Die goedertierenheid van God slaan deur in sy dienskneg**	Tema	**Wat vertel die Here ons alles van die begin?**

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

AANLYN-BYBELVASVRATOERNOOI: 22 – 23 MEI 2020

Die Rotse nooi alle lidmate hartlik uit om deel te neem aan die aanlyn-Bybelvasvratoernooi wat DV op **22 en 23 Mei** sal plaasvind. Dit gaan 'n lekker ontspanne geleentheid wees waar ons bietjie ons Bybelkennis kan afstof en speels met mekaar kan meeding.

Hiermee is die hoop om die gemeente nader aan mekaar te bring, ten spyte daarvan dat ons in hierdie tyd ver van mekaar af is. Moet dit dus nie misloop nie!

Elke gesin benodig slegs 'n selfoon en 'n rekenaar of skootrekenaar. Duidelike inligting sal aan almal wat die vorm voltooi het, gestuur word.

Belangstellendes kan asseblief hierdie aanlyn-vorm teen Dinsdag 19 Mei voltooi.

Daar is 'n *WhatsApp*-groep vir belangstellende lidmate gestig, waarop verdere inligting versprei sal word en waar ons lekker kan deel in die opwinding soos die toernooi vorder! Die nodige inligting sal ook persoonlik deurgestuur word aan dié wat nie belangstel om op die *WhatsApp*-groep te wees nie.

Kontakpersone: srs. Tineke Meijering (060 525 7661) en Lize-Marie Swart (079 691 9234)

ADMINISTRASIE

Preke

U word daaraan herinner dat u weekliks die geskrewe preke per e-pos kan ontvang. Stuur asseblief 'n e-pos na gkbellville@mwebbiz.co.za om op die verspreidingslys geplaas te word.

BYBELSTUDIE

Dames: Maandag om 19:30 via *Zoom* (Kontakpersoon: sr. Carla van't Foort)
Konsistorie: Dinsdag om 09:30 en 19:00 via *Zoom* (Kontakpersoon: ds. Coen Vrey)

DIE GEELBLADSYE

Die Geelbladsye is ons gemeente se advertensie blad wat een keer per kwartaal uitgegee word. Diegene wat 'n diens verskaf, produkte verkoop of verblyf aanbied, is welkom om hiervan gebruik te maak. Uitgawe 1 van 2020 is steeds op ons webblad (www.gkbellville.org) beskikbaar. Nuwe advertensies of veranderings aan bestaande advertensies moet asseblief voor **Dinsdag 26 Mei** om **09:00** gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za

HUISBESOEK

Wyk **Goodwood** (oudl. Guillaume Gerber) ontvang hierdie week telefonies huisbesoek deur ons leraar.

MEELEWING

Mag die Here almal wat beproewing of siekte deurgaan ryklik vertroos.

- Sr. Luna Ludeke is in Panorama Medi-Kliniek opgeneem vir observasie en toetse.
- Sr. Tillie Wüst was in die hospitaal vir 'n nood-operasie. Sy sterk tans tuis aan.

WhatsApp-groep

Ons gemeente het 'n *WhatsApp*-groep om nuus oor lidmate wat beproewing beleef, te deel. Sodoende kan ons ondersteuning bied deur bv. oproepe, boodskappe of gebed. Laat weet gerus vir srs. Willina Cilliers (082 738 1809) of Sanet van Hoving (083 642 0611) as jy weet van siekte of nood, of as jy graag in die *WhatsApp*-groep bygevoeg wil word.

OMGEWINGSPITKOS

Die mens, plant en dier deel besondere lewenskrag en is op mekaar aangewese. Alles het deel aan mekaar. Elkeen se welsyn is afhanklik van die harmonieuse saambestaan met die totale omgewing. Met harmonie wat so hoog aangespreek word, is baie se hoogste strewe in die lewe nie sukses nie, maar rus. Die ineenstort van 'n besondere simbiotiese verhouding, veral by die mens met sy omgewing, het ooglopend hierdie sug na verlossing in die spanningsvelde aangehelp. Daar is 'n besef dat daar reg en verkeerd is. In verskillende kulture kan hierdie norme in hulle wêreldbeeld verskil maar met 'n aanvaarbaarheid dat die mens aan 'n stel reëls moet konformeer.

3. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

KOLLEKTE

Vandag:	Afgetrede Helpers & Evangeliste	Teologiese Studentekas
Volgende Sondag:	Skiereiland vir Christus	Bolandse Bedieningsfonds

SnapScan

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT

Mei: 18/05 Goodwood

Junie: 01/06 Monte Vista, 08/06 Panorama

SPESIALE EREDIENS

Op Hemelvaart (eerskomende Donderdag) word daar DV om 19:00 'n erediens uitgesaai.

4. VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat hierdie week verjaar. 'n Geseënde nuwe lewensjaar word u toegebid.

Vandag	sr. Jani Gers
19/05	br. Berend Meijering br. Gert Mulder
20/05	Heinrich Swanepoel (16 jaar)
22/05	sr. Jeany Groenewald sr. Kotie Reynecke

... julle behoort aan Christus en Christus aan God. *1 Korintiërs 3:22*

5. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville

Broadway 6, Bellville, 7530 Posbus 5009, Bellville, 7535

E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za Tel: 021 945 1515

Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Skriba	Oudl. André Costerus skriba.gkbellville@gmail.com	081 795 1899
Admin Beampte	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809
Kassiere	Sr. Yolandi Taljaard kassier.gkbellville@gmail.com	082 555 3380
Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger, Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205		
Regstreekse erediens uitsending	http://kerkdienstgemist.nl/assets/462806	
www.gkbellville.org	https://www.facebook.com/gk.bellville	

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen Donderdag om 08:00 per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za